

Saterdag 29 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Samuel 12:1-14

Fokusgedeelte: 2 Samuel 12:1(a)

Natan, die geskenk

Koning Dawid, die man na God se hart (Hand. 13:22), het gesondig – ’n buite-egtelike verhouding met Batseba en bedrog en moord op haar man, Uria. Dit het gelyk of hy hiermee gaan wegkom. Hy is mos die koning – wie sal hom kan aanspreek? Wie sal hom tot verantwoording kan roep? Dawid het sy sonde baie mooi toegesmeer – die ideale misdaad?

Sy gewete het hom egter gepla. In Psalm 32:3 sê hy dat hy stilgebly het oor sy sonde, maar “my gebeente het uitgeteer in my gebrul die hele dag”. Hy kon nie rus nie, want sy gewete het hom gepla.

Daarom het die HERE Natan na Dawid gestuur! Dit is die eerste keer dat ons van die profeet Natan lees. Sy naam beteken iets soos “gawe” of “geskenk”. Die HERE het Natan (God het gegee) as ’n gawe, ’n geskenk na Dawid gestuur. Wat ’n eenaardige geskenk! Natan, die geskenk, het koning Dawid immers in die Naam van die HERE oor sy sonde kom aanspreek. Die “ideale” misdaad was toe nié só “ideaal” nie!

Die HERE het alles daarvan geweet, en Hy stuur uit genade vir Dawid ’n “geskenk” – Natan – om vir hom te sê dat hy nie sy sonde vir die HERE kan wegsteek nie.

Dit is genade dat die HERE nie oor jou sonde stilbly nie. Genade dat Hy ’n Natan-geskenk na jou stuur om met jou te praat – om jou tot inkeer te roep, jou te laat omdraai, jou tong los te maak, sodat jy met ware berou kan bely: Ek het gesondig teen die HERE! (vs 13). Dan vind jy ook genade by die groot Geskenk van God – ons Here Jesus Christus!

Is jy ’n Natan-geskenk vir ander mense? ’n Natan-geskenk wat sonder huiwering iemand anders na God se pad toe terugroep?

Sing: Psalm 32:2, 3 (1936)

Ds. AP (Abraham) Krüger (Welkom)